Skrifgedeelte: Lukas 11:29-36 en Matteus 12:38-42

Teksvers: Lukas 11:29-30

Tema: Gryp deur die sakramente vas aan Christus!

Voorverlede week, tydens die erediens waar ons nagmaal gebruik het, het ons gehoor dat Christus die lewende Woord en Brood is en dat ons, in ons eredienste, op Hom moet fokus. As ons nie in ons lewe van elke dag en in ons erediente op Hom fokus nie en as Hy nie ons lewe bepaal nie, sal ons nie die ewige lewe ontvang nie. Dit is net Hy wat die weg en die waarheid en lewe is en dit is net deur geloof in Hom wat ons die ewige lewe kan ontvang.

Maar ons hoor ook dat dit deel was van Christus se lewe op aarde. Elke keer wanneer ons in die Evangelies lees van iets wat Hy doen, hoor ons hoe die fokus val op die rede vir sy koms na die aarde. Elke keer fokus Hy die dissipels en die ander mense se aandag op die rede vir hoekom God Hom na die aarde gestuur het.

En in Lukas 11:29-36 is dit nie anders nie! Ons hoor hier hoe die mense daarop aandring en saamdrom sodat Jesus vir hulle `n teken moet doen en dat Christus vir hulle in werklikheid sê dat hulle `n verdorwe of bose geslag is omdat hulle `n teken van Hom vra. Die probleem was nie dat hulle `n teken wou gehad nie. Jesus het immers baie tekens en wonders voor die mense gedoen. Die probleem was dat die tekens wat Hy gedoen het nie vir hulle genoeg van `n bewys wat dat God Hom na die wêreld toe gestuur het nie.

Hulle het meer gesoek na tekens en wonders as wat hulle na Hom gesoek het wat die tekens en die wonders doen! Die bewyse en ervarings het vir hulle naderhand swaarder geweeg as wat Jesus Christus self geweeg het. Daarom dat Hy vir hulle sê dat hulle `n verdorwe of bose geslag was. Dit wat hulle kon sien en beleef, het swaarder geweeg as dit wat duidelik voor hulle was. Hierdie mense wat voor Jesus Christus gestaan het, het almal `n basiese onderrig in die Ou Testament gehad en hulle het die profesieë van die Ou Testament geken.

Maar dit wat hulle van God geleer het in die Ou Testament was nie vir hulle só belangrik soos hierdie wonders en tekens nie. Daarom dat Jesus tot hulle skaamte ongelowige mense, die koningin van die Suide en die mense van Ninevé, as voorbeelde gebruik van mense wat in werklikheid luister na dit wat God vir hulle leer. Ou Salomo se wysheid en Jona se prediking was groot en belangrik, maar Hy wat Jesus is, is die grootste van almal. Ongelowiges het geluister na dit wat Salomo en Jona sê, maar die uitverkore volk van die Here het nie geluister na wat hulle eie Messias sê en doen nie.

En daarom dat daar vir hulle net hierdie een teken gegee sal word: die teken van Jona. Soos ons in Matteus 12:40 gehoor het, wys hierdie “teken” na die kruisiging en opstanding van Jesus. Dit is die enigste teken wat hulle – en ook ons – sal ontvang om te bevestig dat die werklike geloof in God beteken dat jy die kruisiging en

opstanding van Jesus Christus moet aanvaar. Dit is die enigste teken wat daar vir ons gegee word.

Maar waarom het ons dan goed soos sakramente, wat ons ook tekens noem? Om die eenvoudige rede dat God aan ons hierdie tekens as *hulpmiddels* gegee het om ons geloof te versterk. Die tekens van die doop en die nagmaal kan nie geloof by ons werk nie. Dit is alleen daar om die geloof, wat reeds in ons is, sterker te maak.

Wanneer ons dus die nagmaal en die doop begin gebruik om daardeur `n kaartjie hemel toe te koop of omdat dit vir ons belangriker is as enige ander Sondag, wil ons meer daarin lees as wat daarin is. Dan vorm ons deel van daardie bose of verdorwe geslag wat iets buite Jesus soek om vir ons geloof te gee of om vir ons te bewys dat God bestaan. Jesus Christus alleen is die weg, die waarheid en die lewe en daarom dat ons net die sakramente, of tekens, kan gebruik om ons geloof te versterk as ons op Jesus Christus fokus wanneer ons die sakramente gebruik.

Daarom dat, wanneer ons die sakramente gebruik, ons op Jesus Christus fokus in die formuliere wat ons daarvoor gebruik. Ons gaan vanoggend sien hoe die teken van die doop aan Etienne Steenkamp bedien word. Wanneer dit vir ons egter meer oor Etienne gaan as wat dit gaan oor die feit dat God deur Jesus Christus nog `n sondige mens vasgryp en red, mis ons die werklike betekenis van die doop. Dan kan ons geloof nie deur die doop versterk word nie, maar probeer ons daardeur iets verkry wat ons nie daarin sal vind nie.

Mag elkeen van ons, wanneer ons nou hierdie doop gaan bedien, vasgryp aan Jesus Christus. Mag elkeen van ons onthou dat dit oor Jesus Christus gaan – en oor Hom as die gekruisigde! Mag elkeen van ons daarvan bewaar word dat die sakramente vir ons meer word as wat dit werklik is: wegwysers na Jesus Christus! `n Hulpmiddel waardeur ons geloof in Jesus Christus versterk word.

Amen